NWU®

Friday Feel-Good News
Faculty of Education

2 October 2020

# Puppets Without Borders Webinar

The STEM Teachers Without Borders Project that is hosted by the Self-Directed Learning research unit held their monthly webinar on 17 September. Prof Neal Petersen and Dr Francois Naudé developed the webinar with the aim of showcasing how puppetry can be used as engaging pedagogy, not only for the primary and preschool, but also for the high school, and how self-directed learning could be enhanced.

Participants in online events such as this one normally struggle to feel the camaraderie that is associated with in-person events. In an attempt to foster camaraderie, the participants were asked to submit selfies with their own puppets to the STEM Teachers Without Borders WhatsApp line and our teachers did not disappoint.

The participants were asked to comment on how the webinar changed their perspective on the use of puppets in the classroom and here are some of their responses:









> I use to think LSEN learners struggle to ask questions, now I think the puppet will show them how to ask questions in lessons

> I used to think my students would think it is silly to use a puppet, now I think they might actually like it!

# Poppekas Sonder Grense Webinaar

Die STEM Onderwysers Sonder Grense-projek, wat sy tuiste in die Selfgerigte Leer-navorsingseenheid het, het hulle maandelikse webinaar op 17 September gehou. Prof Neal Petersen en dr Francois Naudé het gewys hoe 'n poppekas aktiewe leer en selfgerigte leer kan bevorder - nie net in laer grade en voorskools nie, maar ook in die hoërskool.

Deelnemers aan aanlyn gebeurtenisse sukkel soms om dieselfde "gemeenskap van praktyk" te beleef as wat die geval by direkte persoonlike aanbiedings is. Om 'n gevoel van kameraderie te bewerkstellig, is deelnemers gevra om selfies met hulle poppe na die Onderwysers Sonder Grense se WhattsApp-lyn te stuur, en ons onderwysers het nie teleurgestel nie.

Deelnemers is gevra om kommentaar te lewer oor hoe die webinaar hulle sienings oor die gebruik van die poppekas in die klaskamer verander het, en hier is van hulle antwoorde:

# COMBER discusses scholarly publishing

On 26 August 2020 COMBER members interacted with Professor Petra Engelbrecht (COMBER extraordinary professor) and Professor Lesley Wood (COMBER's research director), who answered questions and shared their experiences and knowledge relating to scholarly publishing.

On 23 September 2020 a follow-up meeting on scholarly publishing was held, led by Professor Ronèl Ferreira (University of Pretoria), the editor of the South African Journal of Education, at which members of COMBER received insights on scholarly publishing from the perspective of an accredited journal editor.

COMBER would like to thank Profs Engelbrecht, Wood and Ferreira for sharing their insights with and teaching their knowledge to members to help them on their publishing journeys.




# COMBER bespreek vakkundige publikasie

Op 26 Augustus 2020 het COMBER-lede vergader met professor Petra Engelbrecht (buitengewone professor by COMBER) en professor Lesley Wood (navorsingsdirekteur van COMBER), wat vrae beantwoord en hulle ervarings en kennis met betrekking tot vakkundige publikasie met lede gedeel het.

Op 23 September 2020 is 'n opvolgvergadering oor vakkundige publikasie onder leiding van professor Ronèl Ferreira (Universiteit van Pretoria), die redakteur van die South African Journal of Education gehou, waar lede van COMBER insig in vakkundige publikasie vanuit die perspektief van 'n geakkrediteerde tydskrifredakteur gekry het.

COMBER bedank proff Engelbrecht, Wood en Ferreira dat hulle hulle insigte en kennis met lede gedeel het om hulle met hulle publikasiereise te help.

# CONGRATULATIONS, Dr Neethling on your appointment as senior lecturer

Dr Marinda Neethling’s research and teaching-learning philosophy focuses on community engagement through participatory methods to enhance practical and contextualised teaching and learning. Her vision is to encourage sustainable educational transformation. Her mission is to develop the self-efficacy of students to enable them to become life-long, critical and innovative thinkers when implementing inclusive education in their classrooms. Dr Neethling was recently promoted to senior lecturer for her sterling work in the Faculty of Education.

COMBER would like to thank Dr Neethling for her continued hard work and encourage her to achieve even greater goals.




Dr Marinda Neethling se navorsings- en onderrig-leerfilosofie fokus op gemeenskapsbetrokkenheid deur middel van deelnemende metodes om praktiese en gekontekstualiseerde onderrig en leer te verbeter. Haar visie is om volhoubare opvoedingstransformasie aan te moedig. Haar missie is om studente se selfdoeltreffendheid te ontwikkel sodat hulle lewenslange, kritiese en innoverende denkers kan word wanneer hulle inklusiewe onderwys in hul klaskamers implementeer. Dr Neethling is onlangs tot senior lektor bevorder vir haar uitstekende werk in die Fakulteit Opvoedkunde.

COMBER bedank dr Neethling vir haar volgehoue harde werk en moedig haar aan om nog groter doelwitte te bereik.



• FRIDAY FEEL-GOOD NEWS •

# GUIDELINES

- Snippets should be sent as an attachment in a **Word document**.
- Snippets should be approximately **50–200** words (per language).
- Snippets must be in both **English and Afrikaans** – we all use different abbreviations and names, so the correct terminology must be provided in both languages.
- Please **include a title** for your snippet.
- Related **photo/s must be provided** along with each snippet:
  - **Sent as an attachment**
  - **In .png or .jpeg format**
  - **Minimum one** photo and a **maximum of eight** photos
- Submit snippets before 12:00 every Wednesday.
- Email snippets to **Aloreece.Johnson@nwu.ac.za**.

For more information, contact Aloreece Johnson on X285 2722.

# RIGLYNE

- Brokkies moet as 'n **aanhangsel in 'n Word-dokument** gestuur word.
- Brokkies moet ongeveer **50–200** woorde (per taal) bevat.
- Brokkies moet in beide **Engels en Afrikaans** wees – ons gebruik almal verskillende afkortings en benamings, dus moet die korrekte terminologie in albei tale verskaf word.
- **Sluit 'n titel** vir u brokkie in.
- Gepaste **foto's moet saam met elke brokkie voorsien** word:
  - **Gestuur as 'n aanhangsel**
  - **In png- of jpeg-formaat**
  - **Minimum van een** foto en 'n **maksimum van agt** foto's
- Dien brokkies elke Woensdag voor 12:00 in.
- E-pos brokkies aan **Aloreece.Johnson@nwu.ac.za**.

Vir meer inligting, kontak Aloreece Johnson by X285 2722.